| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 3 |
| **PUNTETOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 6 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE AFDELINGS:**

   **AFDELING A:** Opstel (50)

   **AFDELING B:** Transaksionele tekste (25 x 2) (50)

2. Beantwoord **EEN** vraag uit **AFDELING A** en **TWEE** vrae uit **AFDELING B**.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin **ELKE** afdeling op ’n **NUWE** bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ’n kopkaart of vloeidiagram. Doen jou beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer. Die titel/opskrif word nie by die totale woorde ingereken nie.

9. Skryf duidelik die woorde **FINALE SKRYFSTUK** boaan die skryfstuk wat geassesseer moet word.

10. Die volgende tydsbesteding aan elke afdeling word aanbeveel:

    **AFDELING A:** ongeveer 100 minute.

    **AFDELING B:** ongeveer 80 minute (40 minute per skryfstuk)

11. Skryf slegs in **BLOU** ink.

12. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies **EEN** van die volgende onderwerpe/prente en skryf ’n opstel van **400** tot **450** woorde.
- Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Saans kyk ek op na die ewige sterre. [50]

1.2 Ek word geboelie. [50]

1.3 Ek was baie bly toe ons na ’n ander dorp verhuis het. [50]

1.4 Die oorsake van padongelukke in Suid-Afrika. [50]

1.5 Tieners is die onvoorspelbaarste wesens op aarde. [50]


Bestudeer die volgende foto en twee prente (1.6 tot 1.8) en skryf ’n opstel oor EEN. Skryf die nommer en jou eie titel/opskrif neer.

1.6



*[Bron: Eksaminatorsfoto]* [50]

1.7



*[Bron: Google images]* [50]

1.8



*[Google images]* [50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies **TWEE** van die volgende onderwerpe en skryf **180** tot **200** woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **E-POS**

Jy is ongelukkig oor die feit dat jou neef/niggie hom/haar laat tatoeëer het.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | |
| Datum | |
| Onderwerp | |
| Boodskap: | |

Gebruik die bostaande formaat en stuur ’n **e-pos** aan jou neef/niggie waarin jy jou ongelukkigheid te kenne gee omdat hy/sy hom/haar laat tatoeëer het. [25]

2.2 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Skryf ’n **vriendskaplike brief** aan ’n vriend/vriendin wat jou gedurende ’n baie moeilike tyd in jou lewe bygestaan het en bedank hom/haar vir sy/haar ondersteuning. [25]

2.3 **FORMELE VERSLAG**

Jy was die enigste ooggetuie tydens ’n ongeluk waar ’n motorbestuurder oor ’n rooi verkeerslig gejaag en ’n motorfietsryer getref het. Skryf ’n formele verslag aan die polisie oor die ongeluk. [25]

2.4 **TYDSKRIFARTIKEL**

Skryf ’n tydskrifartikel vir ’n tienertydskrif waarin jy die voor- en nadele van elektroniese boeke bespreek. [25]

2.5 **RESENSIE**

Jy het onlangs ’n bekende museum/besienswaardigheid besoek. Die redakteur van ’n bekende tydskrif het jou genader om ’n resensie oor jou besoek te skryf. [25]

2.6 **FORMELE TOESPRAAK**

Skryf 'n formele toespraak wat jy tydens jou sportklub se eerste vergadering van die jaar gaan lewer. [25]

**TOTAAL AFDELING B: (25 x 2) [50]**

**GROOTTOTAAL: [100]**